Tema: Wanneer musiek begin speel
Titel: Moet musiek nog begin speel?
Skrywer: Friedrich W Schmidt

Woorde: 549

Wanneer musiek begin speel wil ek deesdae die radio afsit. Wat het van kwaliteit musiek geword? Deesdae is dit net ‘n doef-doef met lirieke wat klink asof dit deur ‘n sewejarige Dr. Seuss liefhebber aanmekaar geflans is. Musiek speel ‘n belangrike rol in ons wêreld. Dit bied vermaak, raad en waardevolle lewenslesse.

Soms is jy lus vir ‘n vlug van verlange; om terug te keer na ‘n tyd wat lank reeds verby is. Jy verlang dalk na tye voor hoppende spinnekoppe. Tye toe daar nog van meisies op Verlangebaan gesing is. Jy onthou dalk vir Nicholis wat vertel dat sy net die een vir hom is (maar nie spesifiseer watter een van die vier nie). Aan die anderkant kon Jakkie ten minste met sekerheid sê, maar was dit nou die middelste een of die buitenste twee?

Musiek lei soms na belangrike vrae... vrae oor hasies se stertjies. ‘n Wyse man genaamd Al Debbo het dit al jare terug gevra en ek lê nou nog snags en wonder daaroor. Dit laat mens ook dink aan dinge. Diep dinge. So diep soos ‘n gat in die grond (en die groen gras groei daarom). Ek dink nou weer aan daardie man wat gesit en droom het langs ‘n groen doring boom. Hy het nou ‘n paar interessante idees gehad. Plase sonder base. ‘n Plek waar jy kan werk met jou hande in jou sakke. Bid jou dit aan. Klink na ‘n idilliese lewe!

Soms word musiek gebruik om baie belangrike inligting oor te dra. Soos toe die Campbells die stelling gemaak het dat daar iets in die water is. Dalk selfs in die grond. Dalk elders ook... Jare gelede het ‘n man met die naam Danie Pretorius die volk via musiek en liriek ingelig van mense wat gif in diplomate se koffie gooi.

Wat van liefde? Daar is menige gevalle waar die mooiste liefdesverhale vertel word. Dink aan die jong man wat sing van sy nooi wat bly net anderkant die Blouberge? Ek dink amper haar van was Van der Merwe... Of selfs hoe ‘n arme man se hart gebreek kan word. Ek wonder hoe gaan dit deesdae met oom Fielies nadat hy tannie

Tina met die lewensredder betrap het? Daar word selfs van die mooiste dames gesing. Dink aan Worsie Visser se pragtige beskrywing van sy Rebecca. Sy klink nogal na ‘n wilde vrou!

Musiek leer jou ook van die lewe; hoe moeilik dit kan wees. Vat net daardie knaap wat Maties toe is: Hy het net aanhou vertel hoe hy sy ma mis (sy pa ook). Ons hoor hoe jy nuwe mense in die kontrei leer ken; hoe boere graag mekaar se gewasse wil sien: Perskes, pere, lemoene en selfs boerpampoene!

Daar is soms modewenke in musiek. Jy moet nooit jou sonbrilletjie vergeet as jy swembad toe gaan nie (al is die glas gekraak). Wie kan oom Spyker se woorde vergeet? Hy het ons altyd herinner jy is so oud soos jy voel.

Vergeet van hierdie nuwerwetse modes en giere. Kom ons gaan terug na ‘n tyd toe dinge eenvoudiger was. Dae toe musiek nog betekenisvolle lirieke gehad het. Toe dit nie net eenvoudige woordjies op eentonige ritmes was nie. ‘n Tyd toe musiek ons nog die waardes van die lewe geleer het. ‘n Tyd toe Afrikaners nog plesierig was.